# HOËRSKOOL BRANDWAG

## GRAAD 9

## AFRIKAANS HUISTAAL
## TAAK 10

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**
**DATUM: 23 November 2022**

**EKSAMINATOR: T. Odendaal, Z. Haasbroek en L. Scheepers**

**MODERATOR: M. Du Preez**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings, **VIER** vrae en **8** bladsye:

   **Afdeling A**

   Vraag 1: Leesbegrip (25)

   Vraag 2: Visuele geletterdheid (15)

   **Afdeling B**

   Vraag 3: Opsomming (10)

   **Afdeling. C**

   Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies (20)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Trek 'n lyn na elke vraag.
4. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: - LEESBEGRIP**
**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

## Hoekom het ons ophou lees?

1 Een van die eerste foto's waarmee my ma nou nog pronk in die albums is die een waar ek langs my pa lê en "lees". Ek kon op drie nog nie lees nie, maar die invloed was reeds daar. Ek wou lees, want iemand anders lees.

2 Op skool was ek altyd daardie outjie gewees – ek het die Huisgenoot gekoop om op die langpad te lees. Daar was altyd tydskrifte in ons motor. Leesperiodes was my gunsteling en ek het boeke sonder prentjies verslind. Selfs op rugbytoere (as ek die span gehaal het), was daar altyd tyd vir lees, of dit nou die Huisgenoot was of later die koerant. Ek is gespot daaroor, maar ek het dit steeds gedoen.

3 MC Engelbrecht (20) is 'n student aan die Noord-Wes-Universiteit. Hy kom oorspronklik van Namibië af. Op universiteit is dit steeds so: Ek loop nie sommer my koerant mis nie en ek kry so bietjie ekstra sakgeld om die jongste tydskrifte te koop. "Nee Ma, ek het nie die geld gemors nie, ja Ma, ek volg die hofsaak. Ja, ons skryf in die week daaroor." En dan, in my noppies, maak ek die kort trippie winkel toe vir my koerant en die tydskrif wat ek nie in die week kon bekostig nie, want ja, ek het die geld gemors.

4 Natuurlik word ek vreemd aangekyk wanneer ek opgewonde verby my pêlle se kamers stap en soos 'n kat lyk wat room gekry het. Ek het iets nuuts om oor te gesels. Dis vreemd om te lees. Dit is inderdaad so, maar dit is bloot vreemd omdat die liefde daarvoor nie gekweek word nie. Lees is altyd as 'n straf gesien, nie 'n manier om nuwe inligting te verkry nie. Die omstandighede waarmee lees geassosieer word, is negatief, hetsy dit nou 'n nors biblioteekonderwyser was of net die feit dat dit angswekkend was om in gr.6-Afrikaans te moes lees. Bygesê, die skool het ook nie juis treffers gekies wanneer dit by voorlees kom nie.

5 Deesdae kry ek nie meer my pa op sy bed waar hy Sondagmiddae sy koerant lees nie. Hy is liewer op sosiale media, op sy rug. Die tydskrifte is uit die motor gehaal toe ek uit die skool is. Niemand lees nie. Die kwessie se nagevolge ruk handuit. Ek weet van mense wat neerkyk op ander mense omdat hulle nie goed belese is nie. Waaroor praat 'n mens dan, as 'n mens nie weet wat op die nuus aangaan nie? Dus: Lees en laat lees.

6 Kort voor lank het die seniors in die bus my gevra waar my tydskrif is. My pêlle het maar ook later die koerant nader getrek, al was dit net vir die spotprente. Deesdae redeneer ons, want "dis nie wat die koerant gesê het nie, my vriend ."Weddenskappe word selfs al gemaak. Maar ek verloor eerder 'n weddenskap as wat ek agterkom dat niemand om my weet wat aangaan nie - en ek besef dat ek dit dalk kon verander het.

[Bron: *Netwerk24*, 14 Januarie, 2019]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Uit: *http://www.bing.com/images/s*]

**VRAAG 1**
**VRAE TEKS A**

1.1 Word die woord "pronk" (par. 1) denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (2)

1.2 Verduidelik waarom is die woord "lees" in aanhalingstekens geskryf is? (par. 1) (1)

1.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Haal 'n FRASE aan om jou antwoord te bewys.

*Aardrykskunde was die skrywer se gunsteling vak.* (2)

1.4 Watter tydskrif het die skrywer gereeld op skool gelees? (1)

1.5 Kies die antwoord wat die volgende sin korrek beantwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.5) en die antwoord (A - D) neer.

Toe die skrywer gespot was omdat hy lees, het hy...
A gehuil.
B opgehou lees.
C dit steeds gedoen.
D gelag. (1)

1.6 Wat bedoel die skrywer met "ek loop nie sommer my koerant mis nie" in par. 3? (1)

1.7 In watter studieveld is die skrywer besig om te studeer? Haal 'n FRASE uit paragraaf 3 aan om jou antwoord te bewys. (2)

1.8 Gee EEN woord wat min of meer dieselfde betekenis het as die woord "noppies". (Par. 3) (1)

1.9 Waarom dink jy is die skrywer opgewonde wanneer hy tydskrifte gekoop het. (1)

1.10 Verduidelik die vergelyking "soos 'n kat wat room gekry het." Waarom dink jy vergelyk die skrywer homself met 'n kat wat room gekry het? (Par. 4) (2)

1.11 Waaraan skryf die skrywer dit toe dat lees as vreemd beskou word? (1)

1.12 Met watter omstandighede word lees geassosieer? (2)

1.13 Herlees par.5. Hoe het hulle gesinslewe rakende lees verander, noudat hy volwasse is? Noem TWEE. (2)

1.14 Herlees paragraaf 5. **Ek weet van mense wat neerkyk op ander omdat hulle nie goed belese is nie.**

Is die bogenoemde stellling 'n feit of 'n mening? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.15 Wat bedoel die skrywer met "lees en laat lees" en wat is die korrekte idioom van lees en laat lees? (2)

1.16 Wie is die teikengroep van die leesstuk? (1)

1.17 Dink jy die skrywer het sy vriende ook oorreed om tydskrifte en koerante te begin lees? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

**VRAAG 2**

**VRAE TEKS B**

2.1 Deur na die spotprent te kyk- waar vind die gebeure plaas? Verduidelik jou antwoord aan die hand van visuele leidrade. (2)

2.2 Deur na die hoof se liggamshouding te kyk, wat is sy reaksie op die juffrou se les? Verduidelik jou antwoord. (1)

2.3 Waarom toon die hoof hierdie reaksie? (1)

2.4 Wat dink jy was die hoof se woorde aan die juffrou? (1)

2.5 Wie is die "hulle" na wie die juffrou verwys? (1)

2.6 Wat bedoel die juffrou met die woorde: " So nou vat ek dit maar stadig...?" (1)

2.7 Is die visuele aanduidings gepas om die juffrou se woorde uit te beeld? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.8 Wat is die leerders se reaksie op die juffrou se les? Verduidelik jou antwoord deur na visuele leidrade te verwys. (2)

2.9 Dink jy die leerders het verstaan wat die juffrou op die bord geskryf het? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.10 Bestudeer die visuele teks en skryf dan die juffrou se woorde korrek oor. (1)

2.11 Gee EEN woord uit die spraakborrel wat aandui dat die juffrou moontlik oordryf het. (1)

2.12 Kyk na die juffrou se spraakborrel. Wat is die funksie van die leestekens aan die einde van haar sin? (1)

**VRAE TEKS A EN TEKS B**

2.13 Watter ooreenkoms is daar tussen TEKS A en TEKS B? (1)

**[15]**

**TOTAAL: [40]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 3**

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van **SEWE voordele van lees.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde, in volsinne in **EEN paragraaf** aangebied word en mag nie meer as **80 woorde** beslaan nie.
2. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
3. Dui die getal woorde aan wat jy vir jou opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**LEES IS JOU MAGTIGSTE VAARDIGHEID**

Lees is noodsaaklik vir 'n kind om sukses te behaal. Lees vorm die grondslag vir enige mens se toekoms. Dit vorm die grondslag van jou kreatiwiteit en hoe jy met ander mense, kommunikeer, en lees is selfs 'n vorm van vermaak.

Lees help mens konsentrer en so ontwikkel jy die vermoë om te fokus. Deesae word ons so oorweldig deur tegnologiese toestelle se lig, klank en beweging dat lees mens se brein eintlik 'n ruskans gee. Dit help jou om die wêreld om jou te verstaan en verbeter jou skryf- en redenasievermoë. Dit verbeter ook jou vermoë om die groter prentjie te kan sien.

Lees verbeter jou vermoë om te kan kommunikeer en jouself uit te druk. Lees help jou om kennis op te doen en stel jou in staat om dit met ander mense te deel. Nie-lesers is maklliker om te beheer en te manipuleer. Hulle kan gewoonlik nie vir hulself dink nie en maak staat op dit wat aan hulle gesê word hoe om hulle emosies uit te druk. Lees help jou om nuwe belangstellings te verken. Boekklubs bring mense bymekaar en dit is 'n gesonde tydverdryf vir jonk en oud. Dit help mense om meer woorde te leer en 'n woordeskat te bou om so hulle taalvaardighede te verbeter.

Ons hoop hierdie is genoeg rede om jou te motiveer om vanaand eerder 'n boek oop te maak as om die televisie aan te skakel.

[Verwerk uit: *Maroela Media*, 4 Oktober 2018]

**TOTAAL : [10]**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 4

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D: KOERANTARTIKEL**

### Ronde visbakke maak visse mal!

Goudvisse kan tot 30 jaar oud word en tot 25 4.1 <u>sentimeter</u> lank word in groot akwariums of dammetjies, maar in klein visbakke vrek hulle gewoonlik na 'n paar weke of maande.

'n Vooraanstaande Franse troeteldierwinkel het nou verkope van ronde visbakke gestaak omdat dit visse mal maak en hulle gou só vrek. *AgroBiothers Laboratoire* sal nie meer enige akwariums verkoop met 'n kapasiteit van minder as 15 liter nie en slegs 4.2 reghoekige bakke, omdat visse 4.3 ( __ ) kleiner bakke, en sonder filtrasie- of suurstofstelsels, 4.4 <u>neerkom</u> op dieremishandeling.

"4.5 <u>Talle</u> Mense koop op die ingewing van die oomblik vir hul kinders goudvisse. As hulle egter weet dat dit eintlik dieremishandeling is, sal hulle dit nie doen nie," sê Mattieu Lambeaux, uitvoerende hoof van *AgroBrothers*. "Om al in die ronde in 'n 4.6 <u>klein</u> bakkie te swem, maak visse mal en maak hulle vinnig dood."

Volgens hom is goudvisse sosiale diere. Hulle het soos ander visse, genoeg spasie en skoon water nodig. Om 'n akwarium te kry verg min toerusting en kennis.

[Uit: *https://www.netwerk24.com/huisgenoot/Nuus/hond-red-seuntjie-van-beer*]

4.1 Skryf die afkorting vir die onderstreepte woord in reël 1 neer . (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer. (1)
"reghoekige" in reël 5 is 'n:

A. Besitlike voornaamwoord
B. Attributiewe byvoeglike naamwoord
C. Bywoord van wyse
D. Predikatiewe byvoeglike naamwoord

4.3 Vul die ontbrekende voorsetsel in by reël 6. (1)

4.4 Is die onderstreepte woord in reël 6 'n deeltjiewerkwoord? Gee 'n motivering vir jou antwoord. (1)

4.5 Benoem die onderstreepte woordsoort in reël 8 volledig. (1)

4.6 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in reël 10. (1)

4.7 Is "goudvisse" in reël 12 'n simpleks of 'n kompleks? Verduidelik (2)

4.8 Verbind die twee sinne in reël 12 met 'n neweskikkende voegwoord. (1)

4.9 Gee die trappe van vergelyking van die byvoeglike naamwoord in die laaste sin van reël 13. (1)

4.10 Herlees reël 13.
Skryf die infinitiewe werkwoord uit die reël neer. (1)
**[11]**

Lees die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E: STROKIESPRENT 1**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




[Uit: *https:meester.yolasite.com* ]

4.11 Wat is die funksie van die ellips in raampie 1? (1)

4.12 Verklaar die gebruik van die uitroepteken in raampie 2. (1)

4.13 Benoem die klankverskynsel in raampie 2. (1)

**[3]**

**EN**

**TEKS F: STROKIESPRENT 2**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




[Uit: *https:meester.yolasite.com* ]

4.14 Deel die woord “eksperiment” in raampie 1 in lettergrepe op. (1)

4.15 Vervang die woord “laas” in raampie 2 met ‘n meer gepaste Afrikaanse woord. (1)

4.16 Is die sin in raampie 2 enkelvoudig of saamgesteld? Gee ‘n motivering vir jou antwoord. (1)

4.17 Skryf die sin in raampie 3 oor in die toekomende tyd. (1)

4.18 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer. (1)
“huis” in raampie 3 word as “hys” uitgespreek.

A. Ronding
B. Assimilasie
C. Ontronding
D. Oorronding

4.19 Gebruik “meer” in raampie 3 as ‘n homoniem in ‘n nuwe sin? (1)

**[6]**

**TOTAAL: [20]**
**GROOTTOTAAL: [70]**